# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

Oktober/October 2020



Die vd Walt familie van Plakkerskamp Boerdery
vlnr. Chistelle Odendaal (vd Walt), Elsabé vd Walt, Junior vd Walt en Chris vd Walt



Die vd Walt familie nadat Christelle vd Walt as Junior van die jaar aangewys is by Stella 2006

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe

Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV

## Indeks / Index


| | |
|---|---|
| Editors Page / Redakteur se blad | 2 |
| Redaksioneel / Editorial | 3 |
| My duiwe lewe - Chris vd Walt | 4 |
| Vertellings van Jan Helberg - Christo Munnik | 9 |
| Regte name van duiwerasse - Jan Lombard | 10 |
| Go Juniors - Christelle vd Walt | 12 |
| Waarheen met die SA Troetelduif Wikus van Niekerk | 13 |
| OP Streek opleiding sessie - Danie Strydom | 17 |
| Scoreboard and Rules | 20 |


## Birthdays

| | | |
|---|---|---|
| **W071** | **- Koos Conradie** | **- 01-Nov** |
| **B067** | **- Pieter Duvenhage** | **- 02-Nov** |
| **S001** | **- Jan Coetzee** | **- 02-Nov** |
| **W070** | **- Johan de Kok** | **- 03-Nov** |
| **D019** | **- Piet Pretorius** | **- 06-Nov** |
| **D022** | **- Hein Hoffman** | **- 07-Nov** |
| **K045** | **- Lionel Phillips** | **- 07-Nov** |
| **H080** | **- At Nigrini** | **- 08-Nov** |
| **D040** | **- Frik Butler** | **- 09-Nov** |
| **A035** | **- Hennie Loots** | **- 10-Nov** |
| **C038** | **- Hennie Visagie** | **- 11-Nov** |
| **W002** | **- Frik Schoeman** | **- 12-Nov** |
| **C023** | **- Jannis Esterhuizen** | **- 12-Nov** |
| **W026** | **- Bertie Wessels** | **- 12-Nov** |
| **W038** | **- Kitty Botes** | **- 12-Nov** |
| **C044** | **- Daan Labuschagné** | **- 15-Nov** |
| **N026** | **- Wayne Nicholson** | **- 17-Nov** |
| **J002** | **- Johan Nel** | **- 22-Nov** |
| **B004** | **- Nollie Oosthuizen** | **- 24-Nov** |
| **H074** | **- Raheel Moolla** | **- 24-Nov** |
| **K027** | **- Pearl Strydom** | **- 26-Nov** |
| **H063** | **- Pieter Neethling** | **- 27-Nov** |
| **B024** | **- Willie van Zyl** | **- 28-Nov** |
| **C005** | **- Simon Jordaan** | **- 30-Nov** |

## Nuwe lede / New members

Michiel Jansen B028
René van Stryp D052

## Deaths

***Please keep the family and friends of the following member of SAFPA in your prayers.***

***Christo Britz former Webmaster of SAFPA and member of Freestate Region died on the 1st Oktober 2020.***

## Gotcha!!!!!



***Oulike manier om masker te dra nê Dominee Lee***

**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**



***Nasionale Redakteur***

***National Editor***

***Cora Munnik***

Goeie dag vanuit 'n papnat KwaZulu Natal. Ek vertrou dat julle almal ongeskonde uit die inperkingstyd gekom het en dat ons darem een van die dae weer normaal sal kan rond beweeg.

Hier by ons het dit nogal dol gegaan met die dat Harry terugkom. Hokke moes gebou word vir sy duiwe en die kleindogter se hase en marmotte.

Soos dit vir my lyk het almal redelik vroeg begin met die broeiery en die duiwe broei goed want mense soek ekstra ringe. Ek hoop julle het baie kampioene geteel en dat ons hulle wel volgende jaar kan vertoon op skoue.

Ek wil 'n beroep doen op lede om my asseblief in kennis te stel as iemand siek is sodat ek dit in die boekie kan plaas want soms hoor ek van iemand wat siek was maar niemand het hom geskakel om te hoor hoe gaan dit nie, maar intussen het niemand geweet nie.

Julle kan nou al begin om Kers- en Nuwejaarsboodskappe in te stuur en ook artikels vir die volgende boekies. Julle sal sien dat Chris van der Walt sy storie met duiwe geskryf het, julle kan dit ook doen en dan ook sommer bietjie vertel wat julle belangstellings is anders as duiwe.

Soos julle seker al gesien het, het ek begin om artikels uit vorige boekies te gebruik omdat daar nie altyd nuwe artikels is nie en ook omdat daar baie nuwe lede is wat dit interressant en leersaam kan vind. Julle kan gerus laat weet as daar dalk iets is waarvan julle wil leer en ek en Christo sal kyk of ons dit dalk kan opspoor.

Bly positief en geniet julle duiwe.

---

Hiermee word u vriendelik uitgenooi na Noord-Vrystaat Sierduifstreek se Algemene Jaarvergadering. Ons vra almal om asseblief die jaarvergadering by te woon . Elke lid se teenwoordigheid is baie belangrik.

Die Algemene Jaarvergadering vind plaas op 14 November 2020 aan huis van Ds Hennie en Roné Hattingh te van Schalkwykstraat 10, Parys. Die vergadering begin om 08:30 en daar is 'n bring en braai na die tyd.

Vir die braai moet u asseblief vir Ds. Hennie Hattingh Ds Hennie Hattingh, Gert Venter of vir my. Attie van Aswegen voor of op 09 November 2020 die totale deurgee van die persone wat dit gaan bywoon.

Vir die braai sal die bykosse voorsien word, u moet asseblief u eie drinkgoed asook eetgerei saambring.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## My duiwe lewe

**Deur Chris vd Walt**

Nou waar begin ek.

In die vroeg tagtigs werk ek saam met 'n man genaamd Corrie van Reenen. Ek gaan kyk altyd syduiwe wat nie bekke het nie. Niks vreesliks nie. Ons speel saam pluimbal op die dorp Harrismith.

Ek trou en bedank my werk alles in een. Ek trou nogal 'n goeie vrou. Ons trek Bloemfontein toe en ek begin by die brandweer werk as n jong laaitie. Ek werk lekker skofte en bly in die een brandweer "woonstel". So ry ek by die skougronde verby en ek sien 'n banier wat lees Sierduifskou. Ek draai in om te gaan kyk want ek is van nature baie nuuskierig. My eerste mense wat ek ontmoet by die skou is Jack Forbes van Burgersdorp en 'n oom van Kleinmond. Dan sit daar 'n ou met net een been en 'n kunsbeen, Kobus Kruger. Die drie ooms is baie vriendelik en sê ek kan maar deur loop en kyk en hulle sal sovêr moontlik al my vrae antwoord.

Ek ploeg in daai saal in. Ek is soos 'n ding wat gif ingekry het…… my bek hang oop en ek weet nie waar om te kyk nie. Ek vra en kyk en begeer en vra weer en begeer nog en dis erg man. Daai aand by die huis oorreed ek my vrou om in te stem vir 'n paar duiwe. Onthou nou ons is arm en die plek is min en al sulke goed.

Die volgende dag gaan ek terug saal toe. Ek word weer deur die driemanskap in gewag. Ek vra hulle wie hou van die groot Kroppers aan. Dadelik is die ooms op en gaan vir my wys. Hulle wys my die MANNE en ek is sommer klaar bang. Weer uit buitekant toe en ek draai daar rond. Uncle Jack Forbes vra my wat is fout. Ek blaker uit dat ek wil Kroppers hê maar ek is te bang om te vra. Hy vat my en gaan stel my voor aan Uncle Tom Van Deventer van Natal.

Ek vra ek wil kroppers koop en hy kyk my so op en af en sê ja hy sal 'n paar aan my verkoop. Ek jubel. Hy verkoop my 'n paar vir die MOERSE prys van R120 vir die paar. Nou vir daai tyd was daai 'n KLOMP geld. Kroppers in die boks ek is weg huistoe hok gaan bou en in die hemel.

So 'n paar dae later is ek weer by die huis die dag en die deurklokkie lui. Ek maak oop. Voor my staan so 'n snaakse oom met langerige gryserige hare. Hy vra my is ek vd Walt ek sê ja ek is. Hy sê hy wil graag na my Kroppers kom kyk. Ek nooi die oom in. Hy staan en hy kyk en hy kyk en toe vra hy my of hy kan aan hulle vat. Hy vang die mooi bruin wyfie en woeps daar sterf die mooi bruin wyfie. Ek is ERG ontsteld. Hy stel hom voor as  Lourens Muller en sê ek moet saam met hom ry. Ek is kwaad. Ons spring in die Mazda van die battery mense en ry na 'n man toe. Gerhard Laubscher. Hier sien ek meer Kroppers as wat ek nog ooit gesien het. Swartes, Bruines, Bloues….. ek gaan huistoe met 'n piesang box vol. Die ooms nooi my om te kom kuier en om raad te kom vra en te kom sien hoe dit gedoen word. Dit is die begin van die einde.



**Die enigste foto wat ek besit van Kobus Kruger. Dis die man met net een been. 'n Goeie siel wat altyd met alles gehelp het.**

So word ek voorgestel aan nog duiwe ooms. Johan Laubscher, Koos Conradie, wyle Hannes Hugo, 'n Verster oom, 'n oom Snyman wat 'n baas is by die munisipaliteit waar ek dan ook werk.

Die volgende ding wat gebeur is ek begin met die mense kuier. So beplan ons dat ek en Lourens Muller, sy seun Lourie, Johan Laubsher en sy vrou SA`S toe moet gaan met n vierbed karavaan. Ek skryf nie duiwe in nie ek ry net saam. Dit ontaard toe in 'n verhaal van sy eie. Ek slaap in 'n army tent onder lot army komberse en ons kuier laataand

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

saam met baie mense. wyle Advokaat Chris Moller en gesin dink na daai trip nie ons is snaaks nie.



**Koos Conradie. Check sy hok se leuse. "'n Agterplaas sonder duiwe is soos dans sonder musiek"**

So word ek al dieper by die duiwe ding ingetrek. Ek beland op die Vrystaat komitee. Ek, wyle Kobus Snyman, wyle Chris vd Berg, wyle oom Jannie du Toit en Bertha Snyman wat 'n klomp mense. Ek skou nou redelik gereeld. Ek teel Kroppers, Vienna short faced Tumblers en Sjinese Uile. In 1985 word ek getoets en paseer ek uit as 'n Sjinese Uil beoordelaar. Wyle Wynand Wessels en wyle Dick Hattingh is die toetsbeamptes. Ek is erg trots op die sertifikaat en ek word daarna vir nog ander rasse getoets. Gedurende die tyd word ek en wyle Chris vd Berg meer ingetrek in die bestuur van die Vrystaat streek. Ons word geleer van skoue op sit en aanbied en die administrasie doen by lede se huise met nie baie tegnologie nie.

In hierdie tyd is ek behulpsaam met 'n Modena Prestigeskou waar daar meer as 600, ja jy lees reg meer as 600, duiwe op die skou is. So word die Plakkerskamp Boerdery gebore. Stuk vir stuk geroeste draad en padtekens. Ons doen 'n op gradering hier in 1990. Gedurende 1993 kry ek en Elsabé die goeie nuus dat Christelle 'n boetie ryker gaan word. Gedurende Mei 1994 word Junior gebore. Hy word egter gebore met Fibulêre Hemimelia. Wyle Oom Rhyn Reinecke se seun Gerhardt Reynecke is die dag die pediater. Hulle is beide Modena boere. Ek het iets en iemand om aan vas te klou. Dis 'n baie groot traumatiese ding vir ons as gesin. So begin 'n baie lang en baie pynlike pad vir die jongste lid van die duiwefamilie.

Almal kyk en almal vra die vrae wat ons self te bang is om te beantwoord. Die duiwefamilie trek om ons as gesin en om Junior saam soos net hulle kan. So is ons dan in hierdie tyd geseën om deel van so 'n klomp mense te wees. Ek en Elsabé en die res van die Vrystaatstreek se lede doen die eerste SA`s wat ons rerig betrokke is in 1994. Onthou egter dat wyle oom Jannie du Toit toe nog aktief was en by die bloemskou gewerk het. Hy gebruik sy mense om vir ons die hokkies aan te ry en gedurende die dag op te slaan. Ons gaan dan in die aande en braai en hang bakkies. Dis nog die ou blik bakkies wat met die draad vas gemaak was.



**Hier sit ek en wyle Willie Theunissen en inskrywings doen vir daardie Modena skou. Kyk na daai rekenaar!!!!!!!!!!!!**

Die vrouens gooi die saagsels. Op die einde kom ons almal bymekaar en sorteer die hokkaarte uit en dan word dit gehang. Hierdie word alles gedoen met Junior wat bitter klein is en orals in die saal en by die skou saamgaan. Ek en Elsabé word geseën met 'n bedrag uit die SASV se hulpfonds vir die reuse mediese uitgawes wat vir ons voorlê. Dit was die grootste verrassing en ook die mees emosionele oomblik in my duiwe geskiedenis. Julle sien nou moet ek eers op hou tik want die trane loop vrylik.

So word die besigste mannetjie met 'n swart plastic bike in die SASV verwelkom. Hy is heeltyd of in gips of in ysters. Hy is egter altyd daar en hou almal se senuwees op spits. Die duiwe gogga byt maar hy wys dit eers later. Gedurende die tyd begin Vrystaat streek 'n baie groot projek. Ons bou ons eie duiwesaal op die gronde van die Bloemskou. Die saal word eiehandig gebou deur die lede van die streek en met genade fondse en borgskappe.

Manne soos oom JC Nel, wyle Kobus Snyman, wyle Chris vd Berg, Gerhardt Laubscher, en nog vele ander maak self sement aan en gooi self die vloer en Kobus Snyman bou ook self. Tipies die

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Vrystaat en duiwemense kan ons mos nie wag vir die saal om klaar te wees nie. Nee ons moet daar braai.



**Ek en wyle Chris vd Berg op die nat vloer van die nuwe duiwe saal besig om geloof te maak.**



**Hier is 'n reuse party in 'n halfklaar duiwesaal. Kyk net al die kinders en die anties. Kamp en- plastiekstoele was aan die orde van die dag.**

In hierdie tyd besluit ons om die malperd op te saal om die SA`s weer aan te bied in 1997. Ons hou 'n heerlike en baie geslaagde SA`s, dit was die eerste SA`s wat ons sonder wyle oom Jannie du Toit aanpak. Ek en die skou se span werk ons gatte af met die hulp van al die ander lede. Tydens hierdie skou maak Werner Asmus die Duitse beoordelaar wat hier was die aand by die saal die opmerking dat daar genoeg vleis vir sy gesin vir 'n maand op die rooster is. In die meantime was dit net wyle Chris vd Berg se vleis. Werner Asmus is die beoordelaar met die heel mooiste beoordelaarsjas wat ek nog ooit gesien het.

Dis dan ook tydens hierdie skou wat ek my eerste duif in die top 7 gehad het. Dis dan ook tydens hierdie skou wat ek 83km vêr gery het aan die 5km van die skousaal tot by my huis. Dis dan ook op hierdie skou wat die mense wat in karrevane voor die saal, se tente deur ander vertoners per abuis plat gery is. En net daar kry Kobus Snyman n lug leegte tydens die UK vergadering en hy bied aan dat die Vrystaatstreek die volgende jaar weer die SA`s sal aanbied aangesien 'n ander streek kop uitgetrek het.

Die jaar 1998 se SA`s is nog n groter sukses as die vorige jaar en die mense skou bitter lekker. Ons is egter gedaan en in so 'n mate dat van die ouer lede begin die handoek in gooi.

Dis in hierdie tyd dat Junior vd Walt begin om belang te stel in die duiwe en die dinge want sy sussie Christelle en die ander kinders geniet dit baie. Hier is die tweeling vd Bergs en Ruan de Bruin saam met Christelle 'n magtige klomp juniors.



**Hier staan Junior vd Walt kompleet met kruk op die grond en duif in die hand tydens ons jaarlikse duiwe uitstalling op die bloemskou.**

Gedurende hierdie tyd is ek baie aktief in die Skaarrasklub en die Blaasduifklub. Ek toets egter nou op elke denkbare geleentheid vir nog ras sertifikate want nou het ek besef dat beoordeling lekker is en 'n KARDINALE deel is van hierdie sport of dan hobby.

Ek leer baie by die oumanne. Ons skou nog in seksies. Seksie 30 is die skaarrasseksie en seksie 31 is die skaars skaarsrasseksie. Ek en Chris de Bruin byt gereeld die spit daar af. Ons werk dan baie hard saam met wyle Netta Prince om te verseker dat 'n skaarsras ook 'n skou kan wen. Ek het in 1996 tydens die laaste skou waar wyle Steve Coetzer was, 'n belofte gemaak dat ek die Skaar-

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

srasklub sal los die dag as ‘n skaarras die SA`s wen. Ons drie werk hard aan hierdie doelwit.

So gaan ons in 2004 in Port Elizabeth skou vir die SA`s. Ons skou die eerste keer in Andrew Rabie skool. Ons pak duiwe tot in die klasse. Wyle Netta en Robin Prince se skou loop glad. Ek staan voor ‘n klas en vreet al my naels op want binne in die klas sit die Senior beoordelaars en besluit of ek goed genoeg gaan wees om as n Senior beoordelaar op te gradeer. Ek word goedgekeur as Senior beoordelaar. Dit is ‘n hoogte punt in my lewe.

Chris de Bruin wen die skou met ‘n Skaarsras. Ek het my belofte vervul. Ek staan toe ook ‘n bietjie af van die skaarrasklub af. In 2006 gaan hou ons in Stella die SA`s. Van die begin af is dit ‘n reuse fees. Ons slaap op snaakse plekke en Lourens bel sy kinders op snaakse tye. Na die eerste nag wat Rob Lombaard en sy vrou in ‘n karavaan sonder vensters deurgebring het trek ons na ‘n lifelike plaashuis toe.
Tydens hierdie skou wen Christelle dan ook die junior van die jaar kompitiesie en toe kuier ons verwoed.

So breek die jaar 2008 aan en in Januarie op my troudag herdenking doen ek Gillian Barre syndrome op. Ek mis die Januarie UK vergadering want ek lê in die ICU. Al die mense kom kuier en groet. Die prognose lyk nie goed nie. ‘n Paar keer word die familie gebel vir die ergste maar elke keer met die genade druk ek deur. Ek word uit die hospitaal ontslaan en gaan na ‘n step down fasiliteit toe. Ek is totaal verlam en moet alles van vooraf leer doen. Ek moet leer sit, praat, loop, eet, alles.



**Hier het Christo Munnik vir my kom kuier toe ek nog in die begin van my herstel proses was. Hulle het my bederf met Kentucky Fried Chicken**



**Cora Munnik by my in die step down waar ek nog in die rolstoel is.**

In hierdie tyd kom ons gesin dan ook met ‘n reuse skok agter dat ek nie geboard kan word nie weens ‘n klomp tegniese redes. Ek maak daardie dag die beste besluit van my lewe. Pleks van my werk verloor weens die siekte vra ek om terug te gaan brandweerdiens toe. So verloor ek my rang en word my salaris vasgepen. Nou sit die brandweerdiens skielik met ‘n invalide wat met ‘n loop raam loop en wat maak hulle met so ‘n persoon?

Ek word aangewys as ‘n klerk by die opleidings afdeling. Ons as gesin kry bitter swaar. Daar was baie dae nie veel om te eet nie. Met die hulp van bo kom ons deur hierdie moeilike tye. In 2009 word ek onserimonieel agter in Rob Lombaard se bakkie gelaai en saam geneem na ‘n Brunner Prestigeskou in Port Elizabeth. Ek moet agter saam met die vark ry wat daar geeet gaan word. Halfpad soontoe toe weet die bemanning van die bakkie nie meerwie is die vark en wie is die mens nie. Dis egter ook n anderdag storie.

Gedurende hierdie skou het Junior van der Walt en wyle Danie Visser alreeds planne beraam dat Junior ook met Brunners gaan begin teel. Dit was egter sonder my medewete gedoen.

In 2011 kry ek dit gereël dat ons ‘n Brunner Prestige skou in die brandweerstasie hou. Die manne het gekom. Die manne het gekuier. Die manne het dorp toe geloop. En die volgende fotos behoord boekdele te spreek.

Gedurende hierdie skou het ek nog met behulp van ‘n kierie oor die weg gekom.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



**Van links, Junior vd Walt, Christo Munnik, wyle Danie Visser, Cora Munnik, Rob Lombaard, wyle Dries vd Walt, Nollie Oosthuizen, Anna vd walt (die kort ene) ek self, Elsabé vd Walt en Elzaan vd Walt my broer se dogter.**



**Hier is wyle Danie Visser,Rob Lombaard en Christo Munnik in gesprek, Ons het net koffie gedrink……………………. Sien julle dan nie die koffie koppie nie?**

In 2013 wen Junior van der walt die Brunners tydens die Kampioenskapskou te Ermelo. Die Brunner word dan ook in die top 7 geplaas. Dit is vir my en wyle Dries van der Walt dan een van die grootste geleenthede in ons duiwe lewe.

So breek 2014 aan. Ek staan bietjie op die kant weens werksverpligtinge. Die Vrystaat bied weereens ‘n SA`s aan. In hierdie einste jaar bedank ek dan ook as Nasionale Beoordelaarsbeampte van die SASV. In Januarie van 2015 word ek beveel om die UK te woord te staan tydens ‘n spesiale vergadering van die UK. Ek word onserimonieel as die interim voorsitter van die Vrystaatstreek aangewys. So begin die grondpad weer van vooraf maar dit bly mos lekker. Ons groei en ons spook. So neem ek die mal stap om in 2018 weer te vra vir die SA`s in Bloemfontein. OMW wat ‘n skou was dit nie. Die Vrystaat bestuur werk hulle bewimpeld. Maar ons trek dit deur.

Toe is ek deel van die afstel van die Kampioenskapskou in KwaZulu-Natal as gevolg van die voëlgriep. Nie nice nie en ek sê niks oor dit nie.

En daar skou ons nog een SA`s in Pretoria. Weer kuier ons bitter lekker.

Ek moet dan die laaste foto met julle deel. Dit is ‘n foto van die mees awesomeste gesin. Dis my gesin. Van links is Christelle, Elsabe, Junior en ek self. Met soo ‘n gesin kan dit mos net goed gaan. Ek is bitter trots op my kinders en baie lief vir my vrou. Ek hoop om nog ‘n paar jaar in hierdie stokperdjie te kan deurbring saam met sulke fantastiese vriende soos julle. Ja een en almal van julle wat tyd gemaak het om hierdie stuk te lees. As julle my weer op ‘n skou sien vra my gerus dan kleur ek die ander dele vir julle mooi in. Onthou altyd een ding




duiwe is nie my lewe nie maar dis nie vêr agter die voorloper in my lewe nie. O ja as julle wil hê iemand moet ‘n bynaam kry kontak my gerus.



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



***Vertellings van my vriend Jan Helberg***

## Raai wat doen ons 3 uur in die oggend? Ons speel wegkruipertjie met woef.

Eers moet ek jou so bietjie agtergrond gee. 'n Tydjie gelede het ons 'n plakker in die huis gehad. Een uitgevrete lummel van 'n monster rot. Die meneer het hom tuisgemaak in my klerekas. Hy het seker agtergekom my klere gaan nie so mooi vir hom pas nie toe begin hy inlê met sy skertande om dit kleiner te maak.

Toe ek die petalje ondek is die eerste slaanding wat ek in die hande kry Liefie se verestoffer. Ek pluk klere uit my kas en ta spring daar uit. Ek laat waai met die stoffer maar kyk, hierdie is geen gewone rot nie. Ek is seker daarvan sy ma was nes hy 'n rondloper en dat sy pa eintlik 'n springhaas was. Hy hardloop nie soos dit 'n rot betaam nie, nee hierdie meneer maak sulke bokspronge. My refleksies is nie teen hom opgewasse nie en al wat in die slag bly is Liefie se verestoffer.


Hy hardloop van een skuiling na die ander en woef het nou ook by die opwinding aangesluit. Nou moet ek nog probeer versigtig slaan met die oorblyfsel van die verestoffer se steel want ek wil nou nie vir woef in plaas van die rot uithaal nie. Die rot sit ons altwee ore aan en hy verdwyn. Ons soek orals maar ta is nie te vinde nie. Een van die vensters was bietjie oop en ek vermoed dit was sy ontsnaproete. Teleurgesteld kalmeer ek vir woef en ruim vinnig op sodat ons kan gaan slaap.

Die volgende aand laat onderbreek Liefie my drome toe sy my in die ribbes pomp. "Ons vriend is terug." Meneer rot knibbel aan die bedlampie se draad agter die bed se kopstuk. Ek vlieg uit die bed en maak seker al wat gat is, is hierdie keer toe. Woef weet hier kom opwinding en sy hol soos 'n energizer hasie in die slaapkamer rond. Ek gryp my wapen, dis nou die oorblyfsel van Liefie se verestoffer, en herorganiseer, of is dit nou wanorganiseer die slaapkamer. Liefie staan op die bed en gee bevele terwyl sy daar passies soos 'n trompoppie uitvoer. Rot voer weer sy hop passies uit en sit weereens vir my en woef ore aan. Met 'n gelukkie keer ek hom in die hoek agter 'n kas vas. Nou het ek egter 'n probleem. My wapen is net net te kort om hom by te kom. Slaan ek aan die een kant is hy om die hoek anderkant toe. Probeer ek hom anderkant moker is hy weer om die hoek duskant toe.


So probeer ons twee mekaar strategies uitoorlê. Nou moet ek 'n ander plan maak. Ek kry 'n blik Doom in die hande. Ek het nou al baie stories oor Doom gehoor en besluit nou gaan ek dit beproef en spuit sommer die hele kannetjie op hom uit. Die Doom het seker vir hom te erg geraak en hy vlug agter die kas uit. Liefie gee 'n gil, terwyl die was uit my ore spring mik ek 'n hou na Mnr Rot, wat nou nie meer sulke akrobatiese boksprонge maak nie en tref hom skrams. Voor ek weer kan slaan gryp woef hom en sy sorteer hom vinnig uit.

Toe kom die volgende geveg want woef is so trots op haar oorwinning dat sy nie haar prys wil los nie. Na 'n gesukkel kry ons haar omgekoop met 'n stuk droë wors.

Nou terug by wegkruipertjie. Woef het weer in die vroë oggendure die werf gaan patrolleer en ek het nie lus gehad om langer te wag so ek is terug bed toe. My slapie was net mooi op dreef toe pomp Liefie my weer in die ribbes. "Ons het weer 'n besoeker." Ek hoor ook die geritsel by die kopstuk van die bed, sit die lig aan, vlieg uit die bed en soek na 'n wapen. Liefie neem haar bevelspos bo-op die bed in en begin bevele gee. Versigtig benader ek die oorsprong van die geritsel net om woef te kry waar sy haarself na haar nagtelike ekspedisie tussen die bed en liefie se bedkassie ingewurm het.

**Gerhard van Aswegen**
**Teel met Norwich Cropper, Brunner, Working Homer, Oriental Roller, Holle Cropper, American Showracer, Chinese Owl, en Stargard Shaker,**
**Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747 - E-mail: gjtlofts7@gmail.com**



Januarie 2020



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

## Regte name vir duifrasse
## deur Jan Lombard, Transvaal

Artikel geneem uit Die Sierduif van Julie/Augustus 2005

Die benamings van duifrasse, en die uitspraak daarvan, het my nog altyd gefassineer. Baie duiweboere praat byvoorbeeld verkeerdelik van Mondenas in plaas van Modenas. As dit by kleure kom, het ek ook al ‘n paar interessante uitsprake gehoor. Die een wat eerste in my gedagte opkom is Indingo i.p.v Indigo. Die onderwerp van die artikel is egter die regte name vir rasse, en nie foutiewe uitsprake nie.

Waar ons myns insiens die meeste fouteer is wanneer duiwe ingevoer word, en die benaming dan net so oorgeneem word uit die vreemde taal, sonder om na die betekenis van die begrippe te kyk. Die beste voorbeeld is die Franse ras Huppe de Soultz. Die woord “huppe” beteken bloot eenvoudig kuif. In Engels behoort ons dus na die ras te verwys as Crested Soultz, soos dit dan ook in ander Engels sprekende lande bekend staan. Vir die Afrikaanse puriste behoort ons dit dus Kuifkop Schoultz te noem. Die Duitsers noem die ras Soultzer Hauben. Die woord “hauben” kan direk as “kuif” vertaal word.

Die rasbenaming Polish Krymka is ook ‘n interessant een. Kyk ‘n mens byvoorbeeld na lyste van rasse wat in Pole bestaan, en waarvan ‘n groot aantal nog onbekend is in die Westerse wêreld, sien jy baie Krymkas, wat nie noodwendig aan mekaar verwant is nie. Kyk gerus na die artikel oor Poolse rasse in die nuutste “Australian Pigeon Fanciers Gazette” van Frank Povha. Die woord “krymka” beteken “helmet” in die Poolse taal. Enige ras wat dus “helmet” gemerk is (wit met ‘n gekleurde bo-kop en stert) sal gevolglik die woord “krymka” bevat in die Poolse benaming. Ons behoort dus na regte die ras ‘n Poolse Helmet te noem. Terloops, ek het al ‘n kaalbeen Poolse Helmet gesien tussen ‘n groep veerpoot (“muffed”) duiwe op ‘n foto in hulle tydskrif “Voliera”.

‘n Ander woord waaraan ons moontlik aandag kan gee is “meeu”. In die Nederlandse taal gebruik hulle dit om na die meeste uiltjie-tipe duifrasse te verwys. Dit sou dus moontlik reg wees om in Afrikaans na ‘n Ou Hollandse meeu te verwys, omdat dit ‘n Hollandse ras is. As ons na Engels oorslaan, gaan ons dit dan ‘n Old Dutch “Seagull” noem? Ek betwyfel of dit gaan werk. “Old Dutch Owl” klink net soveel beter, wat ook die naam is waaronder die ras in Engels sprekende lande bekend staan.

Die meeste uile staan in Duits as “mövchens” bekend, wat ‘n direkte vertaling uit Nederlands is - bv. “Althöllandische Mövchen”. Hierdie rasse word in Engels almal “owls” genoem. Gaan ons nou van Afrikaanse meeue begin praat, wanneer ons na Afrikaanse Uil verwys? - beslis nie! (Terloops, hierdie Afrikaanse verwys na Afrika en het niks met ons volkie te doen nie, aangesien die ras in Noord Afrika ontstaan het) ‘n Goeie voorbeeld is die “Old German Owl” wat dus in Afrikaans as Ou Duitse Uil bekend behoort te staan.

Interessantheidshalwe kan ek noem dat die Duitsers nie die Chinese Uil as ‘n meeu/uil/”mövchen” beskou nie. Dit staan bloot as Chinese Duif bekend as ek dit direk in Afrikaanse vertaal. Hulle praat van ‘n “Chinesentauben”

Die Felegyhazaer tuimelaar het sy ontstaan in ‘n dorp genaam Kiskunfelegyhaza. Felegyhazaer beteken dus in wese die duifras van K...felegyhaza. Die ras word gewoonlik Felegyhauzer genoem. As ons kyk na die uitspraak van die geweer Mauser as “mouser” behoort ons dus die word Felegyhauzer as Felegyhouzer uit te spreek, wat verkeerd sal wees. Kan ons nie maar ons spelling en uitspraak regkry na Felegyhazaer nie?

Bogenoemde is maar net my waarnemings, en nie noodwendig voorstelle nie.

**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**

Februarie 2020

**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229




Desember 2019

## *Ons verkoop*

***Verskeie Duiwekosse***

***Groot verskeidenheid Duiwemedisyne***

***Skulpgruis (Grid) vir Voëls & Duiwe***

***Verskeidenheid Kos en Waterbakke***

## *Asook*

***Voëlsade - Voëls en Visse***

***Alle Troeteldierbenodigdhede***

# Go Juniors!!!!!!

## "Junior gang": 'n Kykie daarna!!!



**Christelle vd Walt**

**Artikel geneem uit Die Sierduif van Nov/Des 2005**

Eerstens wil ek vir oom Christo sê knap gedaan met 'n uitstekende boekie. Ek wil graag 'n bietjie vir julle vertel van al my vriende wat ek gemaak het deur die duiwe en bietjie vertel oor wat ons alles aanvang as die grootmense nie by is nie.

Laat ek begin by die skou waar alles wat ek vandag het begin het, die SA's in Paarl. Daai skou sal ek nie sommer in my lewe vergeet of wil vergeet nie, dit was die eerste keer wat die "Juniorgang" bymekaar gekom het. Die dag toe ek daar aankom het ek maar net die Tweeling geken en nie regtig uitgesien na die skou nie. Later daai dag het daar so 'n rooi Mazda daar gestop, en toe het al die pret begin.
Ons sal maar liewer nie sê hoe ons die eerste keer met Ruan kennis gemaak het nie, kom ek sê so, dit het te doen met Marlize, Ruan 'n badkamer en 'n deur wat nie kan sluit nie. Nie lank na die gebeurtenis nie het ons sommer groot pelle geword. Amper almal in die junior gang het al sy beurt gehad om sy naam behoorlik met 'n plank te slaan!!!!

Ek was sommer eerste aan die beurt, nogal by die selfde SA's waar alles begin het. Ons het eendag gespeel en ek wou weghardloop maar voor ek dit kon regkry het ek 'n vliegstyl uitprobeer wat Superman nog soos 'n beginner laat lyk. Ja ek val neer voor die ou tannies dat hulle oë so groot rek soos pierings.

Ek was darem nie die enigste een nie, daar het al so baie goed gebeur soos Ruan wat ons meisies wil leer om model te loop (verbeel jou!!) of om te sing, dis maar net 'n paar van die goed.

Daar was ook 'n paar nie so lekker tye nie, soos elke keer as Ruan of die tweeling my wen, maar na 'n rukkie is dit nie meer so groot ding nie. Ons het al deur die vyf jaar wat ons pelle is klomp nuwe kennisse ontmoet en hulle het ons al ook 'n paar keer veras deur ons 'n goeie pakslae te gee.

Nog iets wat ek nooit sal vergeet nie is elke jaar se eindfunksie!!! Dit is darem nou vir jou 'n ding, 'n kans vir ons meisies om mooi aan te trek en te hoop ons word gevra om te dans. Die slegte deel is net dat ons al sulke goeie pelle is dat die manlike geslag soms dit nie eers agter kom dat ons 'n bietjie anders aangetrek is nie.

Ek sê altyd ons duiwe boere is heeltemal simpel, maar kyk net bietjie mooi: Ons ry honderde kilometer agter duiwe aan, ry in die reën agter op 'n bakkie om na bokke te gaan kyk (In Natal, asof ons nog nooit 'n bok gesien het nie!!!) en sommige van ons swem in die eende dammetjie!! Ons is regtig heeltemal van ons koppe af.




**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**



**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**

**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**

Julie 2019



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Ons "junior gang" het ook 'n goeie invloed op mekaar al lyk dit nie altyd so nie, kyk maar net na die helpers op die skou. As een van ons help sal die ander ook sommer vinnig inspring en help. Dit maak ook nie saak hoe lanklaas ons mekaar gesien het nie ons is altyd net nog blyer as die vorige keer. Ons grou ook nooit ou koeie uit die sloot uit nie, ons los die verlede in die verlede waar dit hoort.

Ons is ook nie net daar in die goeie of "fun" tye nie, as dinge sleg gaan is almal daar om jou te help en jou sommer tonne te laat beter voel. Byvoorbeeld toe my ma siek was die oulike sms'e wat ek toe gekry het het my sommer baie beter en sterker laat voel. Ek kry nog steeds oulike sms'e en sterke wense met die eksamen, maar die spesifieke eksamen wat verby is was dit my beurt om bietjie vir Ruan sterkte te sê meer as normaal want die eindeksamen is maar nie makik nie, maar ek glo hy sal sommer baie goed doen.

Ek wil ook sommer van die geleentheid gebruik om vir hulle almal dankie te sê vir sovêr amper vyf jaar van vriendskap en al die lekker tye wat daarmee saam gaan. Ek dink julle ouer garde het baie om te leer by ons!!!!! Alhoewel ons nou nie meer net juniors is nie, maar wel een senior, is ons en sal ons vir nog 'n baie lang tyd pelle wees!!!

(Ek het nou nie meer die kans om Ruan se gat te skop in die junior seksie nie, ag dammit!!)

Duiwe groete,
Christelle.



## Waarheen met die Afrikaanse Troetelduif (SA Toy)

**Deur Wikus van Niekerk**

**Artikel geneem uit Die Sierduif van Nov/Des 2005**


Min sierduifrasse is in Suid Afrika ontwikkel. Onmiddellik dink ons aan die Magnum, die Botternek Tuimelaar, die SA Skou Posduif en die SA Troetelduif. Wat verbasend is, is die feit dat die Suid Afrikaanse telers nie werklik die trots en toewyding het om ons eie duiwe rasse te verbeter en te veredel nie. Die SA Skouposduif gaan uitsterf omdat hulle in die skadu geplaas is deur die "American Show Racers".

Baie energie word spandeer om oorsese rasse hier te verbeter, maar uitstekende duiwe van baie rasse is elders in die wêreld alreeds beskikbaar. Geen pogings word aangewend om ons eie rasse in die buiteland te bemark as 'n trots eg Suid-Afrikaanse uitvoerproduk nie. Sedert die internasionale boikot teen die RSA opgehef is, het die geleenthede toegeneem om ons duiwe uit te voer en selfs in ruilhandel transaksies betrokke te raak.

Die SA Troetetduif (SA Toy) is vandag een van die rasse byna waaroor die grootste dispute gaan. In die huidige vorm sal die SA Troetelduif nooit in die top 7 getel word nie, ongeag of top duiwe geteel word. Die SA Troetelduif, word bespiegel, is geteel uit die "German Toy". Tot op datum het ek nog nie die "German Toy" gesien wat die voorsate van die SA Troetelduif is nie. Nie eens gesaghebbende boeke soos Levi maak melding van 'n spesifieke ras bekend as die "German Toy" nie. Deur baie navorsing wat ek gedoen het, het ek vasgestel dat "German Toys" 'n versamelnaam is vir verskeie Duitse troetelduiwe soos die Non, Fairy Swallow, Archangel en verskeie ander rasse. Maar daar bestaan nie 'n spesifieke ras bekend as die "German Toy" nie.


Die SA Troetelduif is geteel uit die Bokhara Trompetter en die "Dutches" deur Willie Roos wat tragies in 'n motor ongeluk dood is. Blykbaar is die SA Troetelduif vroeër net geteel in wit en wit met gekleurde sterte. Die spesifieke eienskappe wat

Birmingham Roller Vertoners Klub



President
Christo Munnik
e-mail:
cora.christo@gmail.com
Sel:
076 391 5800

Sekretaris
Attie van Aswegen
e-mail:
attievanaswegen@gmail.com
Sel:
082 411 8483



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

die meeste punte bydra tot die totaal is:

a. Grootte (8 punte)
b. Lyf en Bors (10 punte)
c. Kappie met 2 rosette (30 punte)
d. Veerpote (30 punte)
e. Kleur (8 punte)

Die eienskap wat die meeste in dispuut is, is die kleur van die oog, naamlik ‘n vals pêreloog. ‘n Magpie (ook ‘n tuimelaar) het ‘n vis-oog, ‘n Non of Helmet ‘n pêreloog. Die vals pêreloog is dus amper ‘n pêrel oog, maar vertoon ‘n groot swart pupil, soos ‘n “bull eye” dws die bruin/swart oog. Alle duiwe met witkoppe het donker bruin/swart oë (bull eyes) en dit is dus te verstane dat die wit SA Troetelduif dus ‘n “bull eye” moet hê, soos die standaard tans voorskryf. Die wit duiwe, met die kleursterte moet dus ‘n vals pêrel oog hê wat heel teenstrydig is met die wette van kleurgenetika. Selfs die wit Modena se standaard is aangepas dat wit Modenas nie oranje oë hoef te hê nie, maar wel “bull eyes”. ‘n Witkop duif moet “bull eyes” hê, en regdeur die hele standaard is daar slegs een ras wat hiervan afwyk.

Die SA Troetelduif soos vandag bekend, is ‘n duif feitlik identies aan die Russiese Tuimelaar, wat volgens hulle standaard ‘n pêreloog het. Navorsing dui aan dat die meeste tuimelaar rasse ‘n pêrel oog het. Die duif wat ons in die Republiek van Suid-Afrika skep, kan dus nie identies aan die Russiese Tuimelaar wees nie as gevolg van die reeds bestaande standaard wat geregistreer is.

Dus is dit duidelik dat die SA Troetelduif nie ‘n pêreloog kan hê nie. Baie van die huidige duiwe het wel vals pêrel oë maar duiwe wat nie ‘n vals pêreloog het nie word summier op skoue gediskwalifiseer. In die huidige standaard is dit nie ‘n diskwalifikasie nie, maar slegs ‘n Spes. Klub besluit.


Die argument is dat die duiwe met rooi, geel of oranje oë basters is en moet summier gediskwalifiseer word (baie rasse is basters uit ander rasse, self die SA Troetelduif in sy oorpronklike vorm). Die mense wat hierdie aannames maak is nie telers van SA Troetelduiwe nie en baie het al vandag die Sierduif gegroet. Die feit is, ja, duiwe is uitgekruis na die Engelse Trompetter om die voetvere te verbeter. In die proses het afwykings van die oë, houding en kappie voorgekom met rosette op die neus soos trompetters.

Die duiwe het ook as gevolg van die effek van basterkrag (heterose-vermenging van nuwe gene) groter en sterker geword. Die ingeteelde genepoel wat kleiner en swakker duiwe tot gevolg gehad het is aangevul deur nuwe gene wat sterker lewenskragtiger duiwe tot gevolg gehad het. Nuwe kleurdimensie is bygevoeg in terme van kleure wat nooit bestaan het nie. Die kleurstert duiwe het feitlik verdwyn en die rosette van die kappies het swakker in definisie geword.

Die vraag is: waarheen nou??? Moet ons maar die ras tot niet laat gaan of moet ons probeer red wat daar te redde is? Die duif soos omskryf in sy oorspronklike vorm bestaan feitlik nie meer nie, so waar moet die gene vandaan kom om dit wat uitgesterf het weer te skep? Die vraag is weer, moet ons vaskleef aan ‘n standaard wat jare gelede geskep is en waarom kan ons dan nie die ras ‘n nuwe naam en identiteit gee nie? Deur die jare is baie sierduifrasse geskep - baie is gebaster uit ander rasse, nou waarom ‘n bohaai maak oor die verbastering van die SA Troetelduif. Progressiewe groei het deur die jare gekom, vergelyk die Non, Fantail en die Modena, wat almal in sekere dimensies gegroei het, of agter uitgegaan het (Modena kleure wat verdwyn het).



**South African Blower Club**
**Suid-Afrikaanse Blaasduif Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**



**We promote the following Blower Breeds**
**Ons bevorder die volgende Blaasduif Rasse**

**Brunner Pouter, Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Jan Labuschagné Cell: 083 491 2919**
**Sekretaris: Dirk Scholtz - Cell: 082 452 4229**

Julie 2020

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Duiwe standaard word gedefinieer in die strikduiwe se standaard as ..... telers van die hede en die verlede ..... Die vraag is mag ons as nuwe generasie telers nie bydra tot die veredeling van die SA Troetelduif standaard nie of moet ons vaskleef aan die standaard soos gedefinieer 40 jaar gelede? Kan ons nie 'n nuwe visie skep van hoe ons "African Toy" moet lyk nie? Beter in kleurverskeidenheid, beter in veervoet definisie, 'n beter kappie en maan en 'n mooi groot sterk lewenskragtige duif.

Die punt is: ons moet 'n duif skep wat radikaal moet verskil van die Russiese Tuimelaar; dus moet oogkleur nie die enigste norm wees om verskil aan te dui nie. Kan ons nie ander kriteria vind waarop daar wesentlike verskille bestaan vir regverdiging vir die regsitrasie van 'n nuwe ras nie, bv. 'n groter duif, verskil in veerpote, oogkleur, kappie sonder rosette wat verskillend gedefinieër is. Myns insiens kan die SA Troetelduif in die volgende dimensies verskillend wees van die Russiese Tuimelaar:


1. Grootte: Daar word gesê ons "Toys" is te groot. Die standard sê "...so groot as moontlik". Huidiglik wissel die grootte van die SA Troetelduif tussen 9" en 11", wyfies tussen 9" en 10" en mannetjies so tussen 10" en 11" hoog. Die lengte van die duif gemeet vanaf die bors tot by die stert is ongeveer 10", dus nie te lank of te kort nie, maar in verhouding met die hoogte van die duif. Die Russiese Tuimelaar se grootte word nie aangegee nie, maar is duidelik 'n kleiner tuimelaar grootte duif, kort, kompak en "cobby". As ons dus hou by die bestaande grootte is ons veilig want ons duif is dan groter, staan hoër op sy voete, het 'n langer nek, nie in verhouding so breed oor die bors nie en ook langer in lyflengte. Die punt is, ons skep nie net nog 'n tuimelaar nie want die SA Troetelduif was nog nooit beskou as 'n tuimelaar nie.

Die Wet van Verhoudings. 'n Ander invalshoek kan wees grootte soos gedikteer deur verhoudings. 'n Radius se omtrek = 3.14, die lengte van die deursnee, of + ses keer die radius. 'n Mens se voorarm (gewrig tot elmboog) gee 'n aanduiding van jou voet se grootte, van die palm van jou hand tot die elmboog dui aan jou broek se grootte. 'n Bees se voorpoot afgesny en geweeg in kg x 100 gee die gewig van die dier geslag. 'n Krokodil se voetspoor gemeet x 12 gee die lengte van die krokodil. 'n Goed gebalanseerde duif, 10 duim as norm, dus 10" hoog, 10" lank en veerpote van punt tot punt 10" met ander woorde 4" lank aan elke kant en 2" tussen die bene. Laat toe vir een duim groter vir mannetjies en kleiner vir wyfies, weereens in verhouding. Wat van 'n bors van 4,5" breed? Klink dit nie meer wetenskaplik nie?

2. Houding: Die duif vertoon effens gehurk, maar staan glad nie laag soos in geval van die Engelse Trompetter teen 'n hoek van 25°. Die duif rnoet 'n breë bors hê en wigvormig vertoon, maar nie uitermatig breed en kort en laag staande soos die Engelse Trornpetter of die Russiese Tuimelaar nie.

3. Die standaard verwys na "so groot as moontlik sonder om grof te wees" verwysing na die vere moet styfpassend wees sonder dat dit los voorkom soos in geval van die Bokhara Trompetter. Kom ons teel duiwe met styfpassende vere.

4. Veerpote: Die veerpote van die SA Troetelduif soos aanvanklik ontwikkel was minderwaardig in vergelyking met vandag se standaard wat gestel word. Die standaard sê "...die voete is goed geveer met lang bree digte vere wat terugwys. Die voetvere moet plat op die grond gedra word" Die vraag is hoe lank is "lang"? Daar was in die verlede duidelike afkeure as die vere so lank soos die Engelse Trompetter s'n is. Dit lyk weer uit verhouding met die duif, dus is die gevoel dat die voetvere ongeveer 4" moet wees, mooi gerond met hakvere wat na agter wys om die gaping tussen die bene toe te maak (dit was bespreek op Spesklub vergadering). Maar dit is presies hoe die Russiese Tuimelaar se veerpote tans lyk, duidelik gedefineer 3" tot 4". Duiwe se voetvere is tans ongeveer 4", dus kan ons met die groter duif 'n beter vehouding kry van so tot 5". Verhouding van 10" hoog, 10" lank en voetvere span 10".

**Chris de Bruin**
**Teel met Cauchois, American Giant Runt, Strasser, Swiss Mondain & Gros Mondain.**
**Kontak besonderhede:**
**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**




Februarie 2020

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

5. Kappie: Die kappie soos vandag geteel het verbeter in dimensie naamlik hoër en breër as die eerste SA Troetelduiwe, maar in die proses het die rosette verdwyn. Die Russiese Tuimelaar het duidelik groot rosette, dus rnoet ons probeer om nie rosette te teel nie. Die ou standaard in Engels sê: “small rosettes”, die afrikaanse vertaling sê-”.. duidelike rosette”. 80% van die duiwe op die SA’s van 2005 het nie meer rosette gehad nie, ingesluit die wenduif.

6. Oogkleur: Die oogkleur word in baie duiwe gedikteer deur die kleur van die duif. Die wette van genetika bepaal dit soos by mense het blonde mense blou oë, swart mense het swart oë ens. In sommige rasse verwys ligte oë (pêrel oë) na genetiese bruin. Hoekom ‘n ophef maak van die oog as ons in elk geval gaan meeding met die Russiese Tuimelaar. Myns insiens rnoet alle wit of duiwe met wit koppe “bull eyes” hê en vir die res kan die kleur verder wissel van geel. rooi, oranje en selfs vals pêrel oë, maar laasgenoernde is ongewens en moet met 3 punte gepenaliseer word. ‘n Pêreloog moet ‘n diskwalifikasie wees. Die Russiese Tuimelaar het ook pêreloë soos baie ander tuimelaar rasse bv. die Engelse Kortgesig Tuimelaar, Engelse Langgesig, Non, Helmet, Grondroller en Weense kort en langgesigte. Blondinette se oë is rooi in intense kleure en geel in verdunde kleure. Modenas het rooi of geel oë maar laat toe vir ligte oë in die bruin familie. Ken 3 punte toe in die standaard vir oogkleur (rooi, oranje, geel en valspêrel (-3) en diskwatifiseer pêreloë.

7. Indien die standaard wil groei moet ons definitief kyk na die kleur dimensie, want ‘n mens wil graag ‘n produk bemark wat ryk is in kleurverskeidenheid. Kleur intensitiet (ryk in pigment) moet dus in self kleure verbeter maar kleur veskeidenheid soos amandel, gebalkte en geruite patrone om geskep te word, terwyl die kleurstert duiwe 10 punte voordeel gegee moet word om weer die kleursterte in groot getalle te teel.

Talle telers van SA Troetelduiwe het opgehou om die ras te teel as gevolg van die standaard wat vaag is. Gebruik die Russiese Tuimelaar as “benchmark” in die ontwikkeling van die ras om iets te skep wat in vele dimensies van die Russiese Tuimelaar verskil. Verder meer is jaloesie te bespeur deur nie-telers wat ooglopend die SA Troetelduif inkrimineer.

Ek is by die laaste Spes. Klub vergadering van die Toy en Trompetter Klub amptelik opdrag gegee om die standaard te ondersoek en met voorstelle te kom vir ‘n saak wat nou al jare sloer. Vir diegene wat ‘n sinvolle bydrae wil maak sal ek waardeer as u u insette skriftelik aan my stuur dat die standaard gefinaliseer kan word - al beteken dit ons skep ‘n nuwe duifras met ‘n nuwe naam - ‘n trots Suid Afrikaanse produk wat in kwaliteit en dimensies uitstaan. Wat kan ‘n nuwe naam wees ???

Alle insette met betrekking tot die standaard van die SA Troetelduif om my te bereik voor 31 Maart 2006. Moet nie nadat die standaard gefinaliseer is kom kla nie. Alle insette soos ontvang sal gebruik word om die huidige standaard na te gaan vir voorlegging by die spesklub vergadering van Julie 2006. Baie van die senior lede sit met baie datakennis oor die SA Troetelduif. Kan u my asseblief help? My adres is Chris Hougaardstr. 288, Wierdapark (Pretoria) 0157

Toy Groete
Wikus van Niekerk






Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



## *OP Streek opleiding sessie*

***DS~PSFeatherlove***

So is die duiwe byeenkomste droogte verbreek na die Covid 19 “Lockdown”. Gedurende die “Lockdown” was ons streek se lede baie aktief op ons “whattsapp” groep, maar dit is nie dieselfde as die kuiertjies saam nie. Die lede het begin voorbereidings doen vir die broei seisoen.

Die begin Augustus het ek met die bestuur gepraat om ‘n duiwe inligting sessie te hou om veral ons nuwe lede bietjie in te lig hoe die SASV werk en inligting te deel oor die duiwe en die sport. Ek het met so paar regs geleerdes gepraat en ons het gehoor dat ons so byeenkoms kan hou, maar ons moet aan al die nodige voorsorgmaatreëls hou wat deur die regering opgestel is.

So het ons begin met die voorbereiding, ek het vir Chris van der Walt geskakel en hy het vir my gehelp met van sy dokumentasie wat hy en vir sy streek se lede voorberei het vir hulle opleidings dag. Ek het nog bietjie gedink en so paar ander dinge bygesit wat ek gedink het leersaam vir nuwe lede sal wees. Dit het so week geneem om alles op te stel en toe slaan Pearl weer my voete onder my uit, daar is nuwe lede wat nie Afrikaans verstaan nie en ek moes begin alles in Engels vertaal, nie my sterkste punt nie, want ek mos maar ‘n Vrystater en daar het ons Engels net gebruik vir selfverdediging. Ek het maar google se hulp in geroep en so begin, dit was ‘n tydsame proses want alles moes oor getik word op google en dan het hy dit vir my vertaal. Pearl se hulp is toe ingeroep om te kyk dat dit alles “sence” maak. Ek het sommer gou opgtel dat die google nie lekker Afrikaans verstaan nie, want toe ek Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging in sit sê hy vir my South African Ornamental Pigeon Association, ek met my kranige Engels het gesien hier is fout.

Alles is vertaal en ons was gelukkig dit het reg gelyk en geklink, die print werk het toe begin, die eerste boek was seker so 160 bladsye dik, toe begin die verfyning, die bladsye word weerskante “geprint” en toe is ons weer tevrede, toe begin die ‘power point presentasion’ se opstel. Die Saterdag word die boeke in files gesit en sakkies en penne word gekry sodat dit darm bietjie profesioneel lyk. Nou wag ons net vir die dag om aan te breek.

Saterdag oggend 05h00 word die dag begin met Pearl wat krummel pap en sous moet maak vir die braai vleis na die sessies, ek het duiwe versorg en alles bymekaar gesit om die kar te laai. By die saal aangekom kry ons die tafels en stoele reg, pak almal se opleidings pakkies mooi uit en wag vir die ander lede om op te daag. Eerste is Boytjie Rudman daar en kort op sy hakke Robin Prince, die ander manne het so een vir een op gedaag en ons het lekker boeretroos en beskuit geniet voor ons begin het, die opkoms was nie wat ons verwag het nie, maar daar was genoeg lede om ‘n lekker informele sessies te hê. Almal het deelgeneem aan die gesprekke. Renier Lee het ons vertel van Beoordeling, hoe om ‘n beoordelaar te word en ook oor genitika, Robin Prince het sy groot Aansoek vorm op die muur geplak en almal gewys en verduidelik hoe die vorm ingevul moet word, daar het Renier Lee ook iets geleer wat hy nie geweet het nie.

Die volgende punte was in die leêr en is bespreek:
Sessie 1:
1.1 Samestelling en werking van SASV (Vrystaat streek)
1.2 SASV
1.3 OP Streek SASV
1.4 Verskillende Sierduif rasse en Spesialiteits klubs
1.5 Vereistes van goeie duiwe hokke
1.6 Algemene standaard besprekings van duiwe
1.7 Belangrikke aspekte vir suksesvolle duiwe


**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**
**DIE PERFEKTE RAS:**
**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas**
**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves?**
**The perfect bird!**
Julie 2019



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

sport (Vrystaat streek)
1.8 Hok hiegene, versorging en voer van duiwe

Sessie 2:
2.1 Duiwe kleur kaart
2.2 Duiwe genitika
2.3 Belangrike duiwe informasie (Vrystaat streek)
2.4 Uitwendige parasiete (Vrystaat streek)
2.5 Versklilende duiwe liggaams dele (Vrystaat streek)
2.6 Eiers en belangrike inligting (Vrystaat streek)
2.7 Hok hiegene, broei en verveer seisoene
2.8 Duiwe siektes

Sessie 3:
3.1 Foute op duiwe
3.2 Diskwalifikasies op duiwe
3.3 Dieet gedurende broei seisoen
3.4 Versorging van kuikens
3.5 Wenke met kuikens
3.6 Verveer proses
3.7 Skou en beoordelaars hokke

Sessie 4:
4.1 Voorbereiding vir skou
4.2 Hoe om vir SASV skoue in te skryf (Vrystaat streek)
4.3 Beoordeling van duiwe

Na afloop van die sessies het ek en John Rudman die vuur gaan aansteek en soos dit nou al 'n gewoonte geraak het, steek ek my amper self aan die brand, dit nou al die 2de keer wat dit gebeur. Daar is lekker om die vuur gestaan en duiwe en alles gepraat, oom Lionel Phillips het vir Justice Maduna verder verduidelik en raad gegee oor duiwe. John Rudman het sommer almal se vleis gebraai vir ons en toe ons begin eet was almal dood stil en mens kon net die kake hoor werk.

Ons het lekker na die etery weer gekuier, en die lede het so een vir een gegroet en ons verlaat totdat dit net ek, Pearl, Robin, Lionel en Carol oor was, Robin het ons ook verlaat en na 'n half uur moes Carol vir Lionel amper weg sleep sodat hulle kon ry.

Dit was 'n baie insigewende dag en almal het dit geniet.

Ek wil net weereens vir Brandweer en die Vrystaat lede bedank vir hulle insette wat hulle aan my beskikbaar gestel. Dit is lekker om so met mens se bure saam te werk.


Saal uitleg


Lede luister mooi


Lionel & Carol Phillips and Justice Maduna talk about pigeons


Robin Prince verduidelik die SASV aansluit vorm

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



Robin Prince en Boytjie Rudman in gesprek



Die manne gesels dik stukke duiwe



Renier Lee verduidelik mooi aan Boytjie Rudman



John Rudman braai soos gewoonlik die vleis



Die groot gesels is aan

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R200 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R70 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R850 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Score board

### Bank OFS Shield

| | | |
|---|---|---|
| 1. | KwaZulu-Natal: | 1709 |

### Manie Fourie Trophy

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Northern Cape: | 695 |
| 2. | Eastern Province: | 500 |
| 3. | Freestate | 350 |
| 4. | Eastern Region: | 300 |
| 5. | North-of-the-Vaal: | 300 |
| 6. | Western Transvaal: | 150 |
| 7. | Western Cape: | 0 |
| 8. | Northern Freestate: | 0 |
| 9. | SW Districts: | 0 |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls boaan die kolom. Die streek met die meeste punte wen die BANKOVS skild en die tweede beste streek wen die Manie Fourie trofee./To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above. The best Region win the BankOFS Shield and the second best Region win the Manie Fourie trophy.**

### Bertie Wessels Trophy

**1. Nil**

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan slegs oor punt 9 van die reëls./The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9 of the rules**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873